

Ds. A. W. C. Bester  
Calvinia  
21 April 1974

Onderwerp: Gee ons vandag ons daaglikse brood

Lees: Matthéüs 6 verse 9 tot 13  
Matthéüs 6 verse 25 tot 34

Teks: Matthéüs 6 vers 11

Sing: Psalm 66 verse 1 en 7  
Psalm 146 verse 4 en 5  
Psalm 68 vers 9

“Vandag is die biddag vir seën op die oes. Dit is nie net vir ons boere nie, maar vir elkeen van ons in sy lewensbestaan.

“Broers en Susters, in ons teks gaan dit oor daardie een saak waaroor die mens hom deur die eeue die meeste gekwel het. Dit is die broodvraagstuk en alles wat daarmee gepaard gaan. Dit wil sê die vraagstuk oor die noodsaaklikste lewensmiddele vir die mens: wat sal hy eet, drink en aantrek. Dit behels in kort die ekonomie, so breed en wyd as wat u dit ook al wil stel.

“Broers en Susters, in hierdie gebed slaan ons Hemelse Vader sy arms van genade en voorsienigheid om die mens in sy ganse bestaan. In hierdie bede bied Hy aan om, na die rykdom van sy genade, in elke behoefte van die mens te voorsien. God verseker die mens dat Hy die mens se tydelike behoefte nie vergeet nie.

“Die volgorde waarin Jesus Christus hierdie gebede in die Onse Vader aangebied het, is betekenisvol. Ons daaglikse brood is só belangrik dat Jesus Christus dit voorop gestel het in sy model gebed. Eers daarná het die gebed om vergifnis en verlossing aan die beurt gekom.

“Hierteenoor sou ons gedink het dat die vergewing van sonde belangriker is as brood. Ons sou die gebed vir daaglikse brood ná die vergifnis van sondes geplaas het.

“Maar dit is God wat ons só deur sy Seun leer bid. Voorop staan julle behoefte aan daaglikse brood. Maar natuurlik nie vóór die verheerliking van God se Naam, die uitbreiding van God se koninkryk en die doen van God se wil nie. Dit het Jesus duidelik gestel toe Hy gesê het: ‘Maar soek eers die koninkryk van God en sy

geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word.’ (Matt 6:33) ‘Al hierdie dinge’ - dit is die dinge wat op die broodvraagstuk en die ekonomie betrekking het. Hierdie dinge is nooit los te maak van ons Godsdienste nie.

“Jesus het die broodvraagstuk eerste gestel met ’n doel. God wil daardeur vir ons sê: Julle Vader weet wat julle nodig het. Hy ken julle behoeftes aan daaglikse voedsel. Hy weet dat die geestelike nie eerste kom nie, maar die natuurlike. Die instandhouding van die lewe is noodsaaklik vir die diens aan God. God gee ons dus eers die voedsel om ons honger te stil en ons in staat te stel om te luister, wanneer Hy ons deur sy Seun leer om vergewing van sonde en verlossing selfs méér as brood te begeer. Dit laat ons opnuut die orde, plan en liefde verstaan wat die grondslag vorm van die Woord van God.

“Broers en Susters, die broodvraagstuk is dus God se saak! Daaraan mag ons ten alle tye vashou. Ons mag daarom ten alle tye met ons broodbehoefte na God toe gaan. Jesus het vir ons duidelik gesê hoe ons dit moet doen: ‘Maar jy, wanneer jy bid, gaan in jou binnekamer, sluit jou deur en bid jou Vader wat in die verborgene is’. (Matt 6:6)

“Hierdie ‘binnekamer’ was waarskynlik die spens of broodkamer. Dit was die enigste vertrek in die Israeliet se huis wat gesluit kon word.

“God wil sy kind hier in die spens ontmoet. Hier waar leë rakke getuig van skreiende armoede; en waar aan die ander kant, die ryke omring is deur die keurigste spyse en gevaar loop om sy God te vergeet. Hier wil God met sy skepsel praat. Hy wil vir die toegewyde afhanklike kind sê: Jy is welkom om met jou daaglikse behoeftes na My te kom: ‘Moenie julle kwel oor jul lewe - wat julle sal eet en wat julle sal drink nie; of oor jul liggaam - wat julle sal aantrek nie. ... want julle hemelse Vader weet dat julle al hierdie dinge nodig het.’ (Matt 6:25,32)

“Maar hier wil God vir die onverskillige, die een wat op sy goed vertrou, sê: Pasop, dit is die klein jakkalsies wat die wingerd verniel. Só het die liefde vir dertig silwerstukke (Matt 26:15) en die besig wees met vyf paar nuutgekoopte osse (Luk 14:19) en die liefde vir lensiesop (Gen 25:34) mense van hulle ewige heil en seën beroof.

“Met die bede van ons teks lei Jesus ons die Vaderhuis binne. Die Vader kom na ons spens, slaapkamer, studeerkamer, kantoor en plaas. Hy

verseker ons dat Hy nie koud of afsydig staan teenoor ons tydelike behoeftes nie, maar dat Hy ons versugtinge hoor. Ons moet nie nét ons geestelike nood nie, maar óók ons materiële nood gedurig voor God bring. Want Broers en Susters, die aarde behoort aan die HERE en die volheid daarvan.

“As ons vra vir brood dan beteken dit nie om ryk of verryk te word nie. Nee, ons vra vir brood van God, sodat ons kan optree as beelddraers van God in hierdie wêreld. Ons bid vir brood sodat ons, ons taak en roeping in God se koninkryk getrou kan vervul.

“Bid ons nie te dikwels vir eie stoflike voordeel nie? Is ons nie selfsugtig nie? As God gee, dan vergeet ons om God uit wat Hy gegee het, te verheerlik.

“Nee, Broers en Susters, as ons bid vir brood, dan moet dit altyd wees met die besef in die hart: ‘Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord van God. (Luk 4: 4) As ons bid vir brood, moet dit altyd gepaard gaan met die besef dat ons nie afhanklik is van die natuur en voorspoed as sulks nie, maar van die genadige God en sy Woord. Brood is ’n genadegawe van God.

“Broers en Susters, dit is ’n dwase ambagsman wat alleen op sy eie vernuf en spierkrag staatmaak vir sy daaglikse brood; en die geleerde wat dink dat sy brood van sy geleerdheid kom; en die rykman wat dink dat sy skure en vol beursie hom sy brood gee.

“U sal verbaas wees hoeveel mense hulle vertroue op verganklike dinge van die lewe plaas. Mense wie se verwagting nie meer by God lê nie, maar by ’n groot banksaldo, produktepryse en sy goed beplande plase, sy mooi woning en luukse motor, ensovoorts. En dikwels is diesulkes se bene te swak om die voorspoed te dra en stort hulle jammerlik op geestelike gebied ineen. Hoe méér aardse goed, hoe minder plek is daar vir God in hulle lewens.

“Teenoor al die vermeteles, vraatsugtiges, geldgieriges en godloses staan die eenvoudige behoeftiges soos kinders voor God en vra: ‘Onse Vader ... gee ons vandag ons daaglikse brood.’ (Matt 6:9-11) Daar is geen sweem van ’n aanmatigende of gebiedende houding nie. Dit is ’n smeekgebed, maar tegelykertyd ’n belydenis. Vader, my brood is nie my reg nie. Dit is ’n gawe van U liefde alleen. Die laaste beslissing oor my bestaan lê nie by my nie, maar by U. Vader, voorsien my van brood.

“En só word die eettafel ’n altaar. ’n Plek waar daar nie na brood gegryp word nie, maar om brood gebid

word. Nee, Broers en Susters, hier aan die tafel moet ek verkeer soos in die teenwoordigheid van God, die Gewer van alle gawes. Paulus sê: 'Of julle dan eet of drink of enigiets doen, doen alles tot verheerliking van God.' (1 Kor 10:31)

"God staan nie verleë met leë hande nie. Dit is Hy wat vyf duisend mense met vyf brode en twee vissies gevoed het. (Matt 14:14-21)

"Ons het 'n ryk Vader wat miskien vanmôre vir ons sê: O my kinders, waarom vertrou julle My nie? Waarom weier julle om My seggenskap oor julle goed te gee. Waarom kwel julle, jul oor julle lewe en vra besorgd: Wat sal ons eet, drink en aantrek? Julle Hemelse Vader weet wat julle nodig het.

"Broers en Susters, Hy wil vir ons sê: Wees nie besorg nie, maar vestig jou oog en hoop op God. Hy weet. As jy moedeloos is onder die druk van materiële of finansiële laste, onthou, God weet. As jy dubbel nodig het om die mediese rekeninge te betaal, God weet.

"God het in Jesus Christus tot ons neergedaal uit sy ewige rykdom, om ons aardse armoede en broodsgebrek met ons te deel. Hy het aan die kruis uitgeroep: 'Ek het dors!' (Joh 19:28) Dit is Hy wat ons teks aan ons bring en ons leer om te bid: 'Onse Vader ...'. Met hierdie bede neem Hy ons hand in syne, net soos 'n vader en 'n moeder wat handevat voor etes. En Hy verseker ons dat Hy arm geword het, om ons ryk te maak. Jesus het nie verniet gesê nie: 'Ek is die brood van die lewe.' (Joh 6:48)

"Sonder Jesus Christus is daar hongersnood. Sonder Jesus is daar geen arbeid, geen brood, geen huwelik, geen gesin en geen ewigheid nie. Maar met Jesus is daar lewe en oorfloed.

'Ek is die brood van die lewe; wie na My toe kom, sal nooit honger kry nie; en wie in My glo, sal nooit dors kry nie.' (Joh 6:35)

"Amen."